

## HOE SIEN JY DIE LEWE?

PROF. KOOS ADENDORFF

“’n Vry en deusame samelewing”. Dit was die ideaal wat kongresgangers in Grand Rapids saamgebind het. Maar wat beteken die slagspreuk? Dit pleit vir ’n samelewing waarin die mens vry is om God met die gawes wat Hy gee en die deugde wat Hy vra te dien. Dit is ’n samelewing wat gekenmerk word deur persoonlike vryheid en gedra word deur godsdienstige beginsels, ’n samelewing waarin vryheid en moraliteit hande gevat het. Binne só ’n samelewing kan elke mens gedry en tot eer van God en voordeel van sy medemens blom.

Onderliggend aan so ’n samelewing is ’n bepaalde lewensbeskouing. ’n Lewensbeskouing is die wyse waarop ek na die wêreld kyk en oor die lewe dink. Die lewensbeskouing wat tot ’n vry en deugsame samelewing lei, is helder deur die Nederlandse teoloog, skrywer en staatsman Abraham Kuyper verwoord: Daar is geen duimbreedte van die lewe waarvan Christus nie sê “Myne!” nie. Anders verwoord: Elke aspek van die lewe staan onder die heerskappy van Christus.

### Kuyper en Colson

Kuyper se beskrywing van die gereformeerde lewensbeskouing het mense wêreldwyd aangegryp. ’n Voorbeeld van iemand wat deur Kuyper beïnvloed is, is Charles Wendell (“Chuck”) Colson (1931-2012). Vóór die kongres in Grand Rapids het ek nie van Colson geweet nie. Toe ons ’n keuse moes maak van die lesings wat ons gaan bywoon, het ek die lesing getiteld “Kuyper and Colson” gekies, omdat ek Kuyper geken het. Wat ’n inspirasie was dit egter nie om van Colson en sy lewe en werk kennis te neem nie.

Colson het bekendheid verwerf ten tye van pres. Nixon van Amerika se Watergate-skandaal. Hy was op daardie stadium Nixon se spesiale raadgewer. Hy is uitgewys as een van die sewe persone betrokke by die skandaal en is aangekla van ’n poging om die inbraak by Watergatekompleks toe te smeer. Hy het skuldig gepleit op ’n klag van dwarsboming van die gereg, waarvoor hy tronkstraf van 1 tot 3 jaar opgelê is, maar waarvan hy net sewe maande uitgedien het.

Voordat hy gearresteer is, het ’n vriend C.S. Lewis se boek *Mere Christianity* vir Colson gegee om te lees. Dit het tot Colson se bekering gelei. Ná sy vrylating het hy in 1976 ’n organisasie genaamd Prison Fellowship gestig, wat uitgereik het na gevangenes, oudgevangenes en hulle families. Die doel van sy organisasie was enersyds die bevordering van gevangenes se rehabilitasie en andersyds die hervorming van die tronkstelsel in Amerika. Hy het beswaar gemaak teen die neiging om gevangenes bloot op te sluit sonder enige noemnswaardige poging om hulle te rehabiliteer (’n “lock 'em and leave 'em” benadering). In sy ywer om gevangenes se lewens te verbeter, was hy onder meer betrokke by die skepping van tronke vir gevangenes wat gekies het om aan geloofsgebaseerde rehabilitasieprogramme deel te neem. Drie jaar later het Colson sy gevangenisbediening internasionaal uitgebrei met die stigting van Prison Fellowship International.

Colson het hom beywer vir die bevordering van ’n evangelies-Christelike wêreldbeskouing. Hy was oortuig dat ’n samelewing sonder hoë morele waardes nie lank sal oorleef nie. Daarom was hy by verskeie mediakanale betrokke waar hy hedendaagse kwessies vanuit die Christelike wêreldbeskouing beoordeel het. ’n Voorbeeld van hierdie betrokkenheid is sy hantering van ’n gereelde rubriek in die tydskrif *Christianity Today*. Verskeie boeke uit sy pen het ook die lig gesien. Sy teenstand teen sake soos aborsie, ewolusionisme, selfdegeslag huwelike en dergelike meer het hom in botsing met woordvoerders uit die liberale geledere gebring. Hy het mettertyd die status verwerf van ’n gerekende

leier in die konserwatiewe tradisie. Uiteindelik het hy die Colson Centre for Christian Worldview gestig, 'n instelling wat deur navorsing, studie en die bou van netwerke die groei van 'n Christelike lewensbeskouing wil bevorder. Deur die loop van sy loopbaan het hy verskeie toekennings ontvang, onder meer eredoktersgrade en die presidensiële burgerlike medalje (die tweede hoogste burgerlike toekenning in Amerika).

### **Kuyper en ons**

In die lesing wat ek bygewoon het, is beklemtoon hoe diep Colson deur Kuyper se beskouinge beïnvloed is. Hy het met die Nederlandssprekende Kuyper se sienings te doen gekry via lesings oor Calvinisme wat Kuyper in 1898 in Amerika gelewer het (die sg. Stone-lesings). Dit is interessant dat Kuyper tot onlangs vir die groot meerderheid in die Engelsprekende wêreld onbekend was. Al wat hulle van hom kon lees, was maar sy Stone-lesings. Kuyper het uit die aard van die saak in Nederlands gepubliseer. Sy groot werke is eers onlangs vir die Engelse wêreld toeganklik gemaak toe dit deur 'n vennootskap van die Acton Institute, Lexham Press en Abraham Kuyper Translation Society in Engels vertaal is. Vandag word Kuyper ywerig in Amerika bestudeer om in sy opvatting van 'n gereformeerde lewensbeskouing 'n antwoord vir die probleme van die Amerikaanse samelewing te vind.

In die bestek van so 'n kort artikel is dit nie moontlik om reg aan Kuyper en sy uiteensetting van die Calvinisme as omvattende lewensbeskouing te laat geskied nie. Gegewe die invloed wat dit op mense soos Colson gehad het, sal dit tragies wees as ons nie deeglik daarvan kennis neem nie. Vir ons in die AP Kerk was Kuyper se leerstellings nog altyd belangrik. Ek is egter bevrees die meeste van ons het net 'n oppervlakkige kennis van Kuyper se standpunte. Miskien moet die dominees weer Kuyper se werke afstof en in diepte bestudeer. Lidmate moet ook aangemoedig word om Kuyper te lees, veral nou dat van sy werke in Engels beskikbaar is. Baie lidmate sal dalk Engels meer toeganklik vind as Nederlands.

Voorts sal ons as Christene baie meer doelbewus en doelgerig moet werk aan die vestiging van 'n Christelike lewensbeskouing in Suid-Afrika. In die destydse bosoerlog was 'n belangrike strategie die aksie om die plaaslike bevolking se guns te wen. Die slagspreuk was: "Winning the hearts and the minds of the people". As ek hierdie slagspreuk as analogie mag gebruik, wil ek die strategie wat vandag in Suid-Afrika nodig is, só verwoord: "Changing the hearts and the minds of the people". Natuurlik weet en bely ons dat dit net God is wat deur sy Gees mense se harte kan verander en hulle gedagtes nuut kan maak. En tog gebruik Hy sy kerk in hierdie proses. Het Hy dan nie gesê nie: "Julle is die sout van die aarde ... Julle is die lig van die wêreld" (Mt. 5:13, 14)?

Wat die praktiese van hierdie saak aan betref kan ons baie leer by instellings in ander wêrelddele wat in dieselfde stryd staan. Ons het dikwels mooi teorieë, maar kry dit nie altyd reg om die teorieë hande en voete te gee nie. Wat instellings soos die Colson Centre doen, kan vir ons koers aandui in ons pogings om die Christelike lewens- en wêreldbeskouing 'n onvermybare saak in Suid-Afrika te maak.

Ons word vandag in Suid-Afrika gekonfronteer met 'n totale aanslag van liberale kant teen die Christelike waardes wat tot onlangs toe nog vir die Afrikaner kosbaar was. In die smeltkroes wat die nuwe Suid-Afrika is, word gestadig beslag gegee aan 'n nuwe samelewing. Dit sal 'n ramp wees as hierdie nuwe Suid-Afrikaanse samelewing op liberale waardes gevestig word. Ons het die kosbare geleentheid om te veg en te werk vir 'n samelewing wat gebore is uit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing. In die Skrif en die interpretasie van die Skrif in werke soos dié van Kuyper en ander gereformeerde denkers het ons die wapens vir die stryd en die gereedskap vir die werk. Laat ons dan skouer aan die wiel sit, aangevuur deur die wekroep van Efés. 6:13:

*Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.*